SA Kalahari Red-Klub.

“Die mees populêre rooivleis ter wêreld”

Meyer JC.

Wanneer mens “Google” watter rooivleis die mees verbruikte rooivleis in die wereld is kom bladsye en bladsye se resultate wat klinkklaar bewys dat dit bokvleis is. Die gewildheid van die gesonde lae-vet en lae-cholesterol proteien neem feitlik daagliks toe en is op baie plekke in die wêreld totaal ondervoorsien. Dit is ñ feit dat dit selfs gesonder is as volstruisvleis.

Ook in Suid-Afrika word die vleis al hoe meer gewild en kan produsente beswaarlik voorbly om in die groeiende vraag te voorsien.

Die Kalahari Red is n eg Suid Afrikaanse vleisras maar is reeds besig om al hoe meer die aandag van produsente en gebruikers in die buiteland te trek, waar die klem op gesond eet al baie meer gevorder is as hier by ons. Dit skep dus vir die huidige en voornemende produsent uitstekende vooruitsigte vir bemarking in die buiteland.

Australië is tans die wereld se grootste uitvoerder van bokvleis, en in lande soos Argentinië spog toeristedorpe met verskeie restaurant wat slegs bokvleis op hulle spyskaart aanbied.

Dit behoort die Suid Afrikaanse boer te laat nadink. Hoekom vaar ander lande so goed met ons produk? Die antwoord is eenvoudig: bokvleis is nie allen besonder geurig en smaaklik nie, maar ook gesond en dit is n wenner-kombinasie! Die vleis is so smaaklik dat dit dikwels deur die leek met skaaplam-vleis verwar word.

Praat van ñ Kalahari Red en almal weet deesdae waarvan jy praat. Dit is beslis nie net ‘n “Rooi Boerbok” nie, nee, definitief nie. Hierdie bokras, het homself reeds bewys as

‘n unieke eiesoortige ras met, behalwe verskil in DNA, ook baie ander eienskappe h wat hom uniek maak.

Die tempo waarteen die ras groei, is verbasend, daar is reeds +- 9 000 van die bokke net in Suid-Afrika. Die aanvraag na goeie teelmateriaal bly hoog. Dit is weens die hoë rasstandaarde wat die Nasionale Kalahari Red- klub, onder die beskerming van die SABTV, daarstel. Selektiewe keuring voor veilings verseker verder dat daar

ook net kwaliteit diere aangebied word, wat vanselfsprekend groot voordele vir enige nuwe toetreder inhou.Dit is uiters belangrik, want dit voorkom lang, uitgerekte opgradering van kuddes.

Die Kalahari Reds is ñ ras om op trots te wees. Kalahari Reds se moederseienskappe is ongelooflik en is baie beter as die van ander bokrasse. Die bokke presteer verder in ñ voerkraal net so goed soos ñ vleismerino-skaap.

Dit is ‘n plesier om met die ras te boer, hulle is baie maklik hanteerbaar.en min arbeid is nodig om met groot getalle te werk. Mens kan op ñ klein stukkie grond, veral as daar bietjie aangeplante weiding onder besproeing is, met baie bokke boer. Omdat jy maklik 75% van ñ ooi se gewig aan lammers speen,,klop jy maklik ñ grootvee-eenheid soos n bees, met vleis per hektaar. Bokvleis is skaars, daarom is dit tans ook effens duurder as skaapvleis.Die Zulus is tans sekerlik die grootste koper van bokvleis in Suid-Afrika. Die mark is absuluut onversadig en n boer kan maar weet hy het enige tyd n goeie aanvraag.

Daar is tans ñ studie in samewerking met die staat om ñ eksklusiewe bok-abattoir op te rig. Hierdie mag ‘n eerste wees, wat sal verseker dat daar gereeld hoëgraad bokvleis op kettingwinkel-rakke vir die gebruiker beskikbaar is.

As jy nog nie hierdie ras oorweeg het nie, gaan doen maar gerus jou huiswerk en jy sal gou agterkom dat die potensiaal van hierdie ras vir die afsienbare toekoms bykans onbeperk is.